# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 12 Februarie 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

### Hoekom is ek nie goed genoeg nie!

Daar is iets wat gebeur wanneer ons op Jesus vertrou Op Hom, wat God gestuur het om ons sondes weg te neem. En dit, was 'n groot gebeurtenis. Dit het die hele gang van die geskiedenis verander. Party dae voel dit asof jy jou bes probeer, maar op een of ander manier is jou beste, eenvoudig nie goed genoeg nie. Jy het seker ook al so gevoel. Ons kyk na onsself in die spieël en wonder: 'Wat is fout met my? Waarom is ek so? " Op een of ander manier kan ons net nie die uitdagings wat ons in die gesig staar oorkom, of aan die verwagtinge van mense om ons, voldoen nie. En dis dan wat jy 'n klein, stemmetjie hoor sê: *Dit is nie hoe Ek jou sien nie.* Hoe nou? *Toe my Seun aan daardie kruis gesterf het – het Hy vir jou gesterf. Hy het al jou gevoelens van 'nie goed genoeg nie' op Hom geneem. Ek sien hulle nie meer raak nie.* Regtig? Wat beteken dit? *Dit beteken dat as Ek na jou kyk, sien Ek jou soos jy veronderstel was om te wees. En as ek saam met jou die pad stap en jy saam met My, treetjie vir treetjie, sal jy die persoon word, wat Ek jou gemaak het om te wees.* Dis natuurlik nie my woorde nie, kyk wat staan in: **2 Korintiërs 5:15** *En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.*

Dit is 'n nuwe lewe. 'n Lewe wat ons vir Hom leef, soos Hy ons lewens bedoel het.

### Net 'n glimlag help al klaar baie!

Omstandighede in die RSA én elders kan 'n mens ongeneeslik suur maak. Dit gaan jou en niemand help nie. Wees die glimlag, die liggie, die stukkie hoop, vir mense, óók wanneer ons Sondag saamkom en as gelowiges saamwerk vir die Here

- Verkoop 20 of meer karnaval kaartjies en staan 'n kans om 'n heel skaap te wen!
- Die kaartjies @ R180 is 'n winskoop
- Daar is 'n wonderlike verhoog produksie, arena-program, uitstallings, verversings en veiligheid
- Koop aanlyn kaartjies vir die Karnaval op ons Kerk se webblad, volg die link: https://www.rtbgkerk.org/online-store

### Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep.

Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086

### -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

### Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank*

### Verjaarsdae 12-18 Feb 2023

12– André Coetzer, Lianca Venter
13-Ivan Hopkins, Basson vd Walt
14-Bernice Graham, Gert Botha
17-Charlotte Grobler, Louise Nell
Alet Visser
18-Leezel Schutte

### Karnaval 2023 - 'n Uitstaande produksie

- 4 Maart 2023 is ons datum!
- Merk hom asb op jou dagboek
- Help ons kaartjies verkoop en kom werk asb die dag saam met die RGK!!










